*S.P. van der Walt*

# FERDINAND POSTMA : 'N HERINNERING*

Tydhou! Koershou! Aanhou!

Onder hierdie drie woorde wil ek saamvat hoe professor Postma in sy huis en in die publiek opgetree het. Ek kan baie dinge wat hy gedoen het goed onthou. Sommige is kleiner dingetjies, maar wat tog tiperend is van 'n persoon wat vastigheid onder eie voete gehad het en dit beklemtoon het as eis vir die lewe. Hierdie drie woorde het hy gebruik by 'n geleentheid toe hy gelukwense gerig het aan huweliksparrtjies, en onmiddellik lees u daarin nie die ligsinnigheid en fleurigheid wat soms grapmakenderwys in sulke omstandighede geuiter word nie. Die huwelik is 'n begin van 'n nuwe lewe en sy kenmerke moet wees: tydhou, koershou en aanhou.

Treffend illustreer dit sy eie lewe in optrede, in diagnose van omstandighede, in verwerking van ander se optrede teenoor hom. Hy moes baie verduur by voortdurende stryd, as hy selfs soms moes toegee sonder om prys te gee, as hy tyd moes win om verder te kan pleit vir my saak, om oortui-

* Professor Ferdinand Postma was van 1921 tot 1950 rektor van die inrigting vir hoër onderwys wat uiteindelik in 1951 beslag gekry het as die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys. Dit was ook onder sy rektorskap dat die destydse Potchefstroomse Universiteit vir Kristelike Hoger Onderwys in 1919 tot stand gekom het. Afgesien van sy jarelange inspirerende leierskap aan hierdie Universiteit, het hy 'n uiters belangrike rol gespeel deur die gewetensklousule uit die PUK-wet te verwyder en só die PU se Christelike karakter met wetgewing vas te lê. Hy het hom uiteraard ook in die besonder beywer vir die selfstandigwording van sy Universiteit. Professor sou in 1979 100 jaar oud gewees het. Hierdie herinneringe van professor S.P. van der Walt, oud-hoogleraar in die teologie, is as rede uitgespreek in 1979, toe die Fakulteit Teologie aan die PU vir CHO die lewe en werk van Ferdinand Postma herdenk het.

gingswerk voort te sit. So dikwels moes hy die regte tyd afwag, selfs pleit dat haastigheid op hierdie moment noodlottig kan wees. By die lees van die kostelike werk van professor J.S. du Plessis "Geskiedenis van die PUK vir CHO 1919-1951", word hierdie dinge weer deurleef, want dit is dan tog maar die geskiedenis van die optrede van 'n man wat deur God as sy bekwame instrument gebruik is en wat op die regte tyd daar was om leiding te gee. Tydhou: en in die geloof het hy die onsienlike gesien en gewag op die tyd wat God beskik.

**TYDHOU**

Vergun my eers 'n paar ligter opmerkings oor sy optrede in hierdie verband by sy familiekring.

Professor Postma het 'n goeie oorlosie gehad maar het altyd aan ander gevra hoe laat dit is. Sy oorlosie was nooit reg nie, altyd van sewe tot tien minute voor. Dit het meegebring dat hy nooit laat was vir 'n bestelling of vergadering nie. Dit moes nie gebeur nie want dan is daar vir baie 'n hele stuk niksdoentyd. Moenie tyd mors nie. As hy by die huis instap en van sy kinders sit sommer en gesels, was sy woorde telkens: as julle niks te doen het nie, vat 'n boek en lees. Hou jou vrugbaar besig.

En nou sommer 'n paar herinneringe hierby: moenie fluister nie. Moenie iets vergeet nie. Dit openbaar karaktertrekke wat daartoe lei dat jy iets verberg, iets nie belangrik genoeg ag nie.

Tydhou — en ons wat vir sy dogters kom kuier het, was daarvan bewus. Die vaste reël was dat ons mag bly tot half-elf. Selfs as ons bioskoop toe gaan en die prent is nog nie verby nie, moes ons weet om te loop sodat ons betyds tuis moet wees.

Hy kon tydhou, ook wat sy eie leeftyd betref. Met die eerste terugslag wat sy gesondheid betref, skryf hy dat die rooi liggie begin flikker. Soos Paulus wil hy sê dat die tyd van sy heengaan aanstaande is. Dit was duidelik dat hy 'n ligte aanval van beroerte gehad het, want daar was wel 'n verlamming in die linkerbeen en hy moes hom met behulp van 'n wandelstok behelp. Tog was daar nog werk om te doen, en hy het dit eintlik met nog meer inspanning gedoen. Toe ek eendag aan hom sê dat hy sy rektorale pligte nou nie meer so tenvolle kan behartig nie en dat hy net die noodsaaklike moet uitsonder, was sy antwoord: 'n Mens moet die werk òf doen òf nie doen nie,

en ek het besluit om dit te doen. Hy het sy gewone daelikse roetine gevolg met net die verskil dat hy nie meer self sy motor kon bestuur nie en hy moes gebring en gehaal word. Sy taak was nog nie afgedaan nie en sy werk het hom geroep.

Tydhou. Tyd is egter nie maar net die ure wat die oorlosie aftik nie. Tydhou is tog 'n waarderingsoordeel wat jy vel oor die era waarin jy leef. Ons moet altyd binnenstyds wees, nie voor nie, maar veral nie agter die tyd nie. Jy moet nie vooruitgryp en jouself verongeluk nie. Jy moet nie agterna drentel en jou pad versper sien nie.

Tydhou beteken om paraat te wees, op jou pos en met geslypte vermoëns om jou plek waardiglik vol te staan. Studente moet die tyd uitkoop en sonder 'n graad mag niemand die universiteit verlaat nie. Die sertifikaat is die sleutel wat die deure oopsluit en wat aan jou erkenning verleen om 'n bekwame dienskneg te wees. Nou kan jy gewillig wees om dienswillig te wees, voorbereid vir wat kom en voorbedag op dit wat mag gebeur. 'n Dienskneg moet nie begrawe word onder die daelikse roesemoes nie, moet bo sy daelikse taak uitstyg om planmatig en oorsigtelik sy weg te baan. 'n Profetiese blik vanuit die verlede op die toekoms, met 'n vurige begeerte om te verbeter op die hede en klimmend die leer te bestyg, is eis vir elke mens. Drome droom is nie ydele tydverkwisting nie, maar is nuttige tydhou met die oog op die toekoms. 'n Mens moet tog nie net 'n moertjie wees wat in dieselfde groefies elke dag indraai en uitdraai nie. Dan word jou werk blote roetine. Tydhou vereis visie oor die tyd heen, 'n perspektief wat kan lei tot nuwe vergesigte. So is bekend dat Prof. Postma, toe die Universiteit nog maar baie klein was met min studente, sy profetiese vergesig verbeeld het in die woorde: Ek sien 'n groot Universiteit met duisende studente hier aan die oewers van die Mooirivier.

Tydhou in ons wordende Suid-Afrika, in ons polsende gebeure, te weet dat jy 'n roeping het, dat jy dit tot Gods eer moet en kan vervul, maak jou taak tot 'n roeping. Dan is geen dag 'n niksdoendag nie, want dan is jy al klaar 'n volle dag agter.

So was die rektor 'n inspirerende voorbeeld vir sy personeel, en die huisvader het dit ingeëts in die lewens van sy kinders en van ons wat sy kinders saam met ons geneem het in die lewe.

## KOERSHOU

Ek wens ek kon die naam onthou wat die Swartes hom gegee het. Die naam is geneem uit die feit dat hy altyd voor hom gekyk het en nooit rondom hom heen nie. Dit het glo beteken: moenie na my kyk nie. En net soos hy stip voor hom bly kyk het, so was sy liggaamshouding, selfs wanneer hy studeer of lees. Nooit was sy gesig na onder gerig nie. Hy het byna regop voor hom sy oog op sy werk gerig. Daarom kan u begryp dat die borsbeeld wat 'n kunstenaar as voorlopige model gemaak het en met die Universiteit se Postma-fees vertoon is, vir almal wat hom geken het en die kommentaar ontlek het: dis nie Prof. Postma daardie nie. Sy liggaamshouding was deel van sy leefwyse, statig, korrek, hoopvol en vooruitstrewend. Uit een en al spreek die vooruitstarende, hoopvolle, bykans uittartende blik wat sê: koershou.

Dit is asof ons uit sy godsdienstige oortuiging van net één pad, die pad van Gods Woord, 'n replika vind in die uitvoering van sy roeping. Moet tog nie by hom kom raad vra as jou pad vir jou 'n bietjie moeilik word nie. Hy sal sê: as dit donker word, staan 'n oomblik stil. As dit weer lig word, skep dan moed en stap aan. Moet net nie afdraai nie.

Daar is immers baie bakens wat die goeie pad aandui. Daar is geskiedkundige bakens, en wees dankbaar dat daar voorgangers was wat dit opgerig het. Koers dan maar met vertroue en bly in die pad van jou volk en volkseie. Moenie jou skaam vir jou tradisie nie en wees trots op jou eie taal en kultuur.

Dis liefde wat laat koershou omdat jy jou hart verpand het. Liefde vra die offer van al jou talente om dit wat jou liefde waardig is, tot werklikheid te laat word. Daarom kon hy, sonder om hom te bekreun oor vermoeidheid, volstoom werk tot laat ure in die nag. Hy kon die uitdagings op die pad van universiteitswording oorwin, die land persoonlik deurreis, selfs by terugslae nog dankbaar wees. Koershou het vir hom nie beteken om jou teen 'n muur te pletter te loop nie. Hy het dit só gestel: „Wees geduldig met jou teenstanders en krities met jou medestanders. Jou teenstanders is krities teenoor jou en jou medestanders sal geduldig na jou bly luister".

So kon hy op sinodes die saak van die Universiteit stel en selfs toe hy met inkorporasie gedwing was om die naam "vir Christelike Hoër Onderwys" ter

syde te stel pleit hy ter wille van die voortbestaan van die Universiteit om geduld. Met volgehoue ywer het hy koers gehou totdat alles weer teruggewin is. En toe aan hom voorgestel is om die Universiteit se naam te verander tot "Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys", hou hy koers en sê: Nee, dit moet bly Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys. Suid-Afrika moet die stem van Potchefstroom leer ken as die koershoudende leier wat weet wat in ons vaderland die allernodigste is.

Nee, dis nie halsstarrigheid of bekrompenheid nie. Ons het voorbeeldige koersvastheid wat met niks minder as met eie goeie reg tevrede is nie.

## AANHOU

Dit is seker die moeilikste vir enige mens en tog die enigste aangewese weg om te seëvier. 'n Terugslag ruk jou wel tot stilstand, maar jy moet dit verwerk en verteer. Jou buffers moet sterk genoeg wees om die skok te absorbeer. 'n Mens kan tog 'n veldslag verloor en nogtans die oorlog wen. Aanhou moet met determinasie gepaard gaan, met die smaak van oorwinning steeds in die mond. Christelike Hoër Onderwys mag nie slegs 'n ideaal wees nie, maar moet die erfreg wees van ons jeug en hier kan geen duim van afgewyk word nie. Hy het die steun van sy kerk daarvoor opgekommandeer en was bewus dat hy dit sal kry. Dit moet die steun van elke Christenbelyer wees en die goeie werk aan die Universiteit wat niemand sou kon misken nie, moet met vreugde gedoen word sodat Potchefstroom die roepstem kan wees tot Christelike wetenskapsbeoefening.

Ek dink altyd aan die pragtige woorde van C.J. Langenhoven wat ook die werk van Professor Postma tipeer:

> Dis die smorende vuur wat swaarkry
> en tog nie die kos kan gaarkry.
> Die vrolike vlam wat knetter en kraak
> is hy wat sy taak tot vermaaklikheid maak
> en sy swaarkry met lekkerkry klaarkry.

Dink vir 'n oomblik die Potchefstroomse Universiteit met sy Christelike karakter weg, en dan sou daar 'n leegte wees, 'n groot brakkol in ons wetenskapsbeoefening.

Wat sou Potchefstroom gewees het sonder sy Universiteit vir CHO as net

maar 'n groterige tuindorp maar sonder 'n siel. Hierdie plantjie was wel 'n mosterdsaad maar het uitgegroei tot 'n magtige boom, wat sy eie verhaal vertel en moet bly vertel. In die ver verlede, en nou praat ek van 1924, was ons net 36 suiwer universiteitstudente. In Potchefstroom self was daar geen meelewing, nie die minste aanvoeling met die klomp daar op die Bult nie. In 1914, met die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog, was antagonisme selfs wreed. Met die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog het soldate die Universiteit aangeval en wou dit verwoes. Alles het getuig van die koue suidewinde wat wintertoestande skep. Hou maar aan en bly dan pleit vir die voortbestaan van hierdie Universiteit wat die dorp self nie wil hê nie. Professor Postma het in die twintigerjare aan die stadsraad 'n donasie van £25 gevra vir die Universiteit. Hy was teenwoordig toe oor die saak gedebatteer is. Soveel onaangename dinge moes hy aanhoor en die donasie is nie toegestaan nie. Met die waardigheid so eie aan hom het hy opgestaan en die Raad bedank vir die kosbare tyd wat hulle afgestaan het. Die volgende dag het baie verskonings gekom.

Vergelyk destyds met vandag, waar etlike tienduisende Rand geskenk is en steeds geskenk word. Probeer vandag die Universiteit sluit en 'n storm van protes sal soos 'n Noordewind deur die land ruis.

Wat sê dit? Aanhouer wen! Professor Postma het aan ons vaderland en aan Potchefstroom in besonder 'n monument gegee wat vanweë sy werk selfs in die buiteland welbekend is. God het hom gebruik as sy instrument en ons jeug het 'n kosbare erfenis ontvang. Potchefstroom het sy identiteit daaraan te danke. Sy ongekende vooruitgang op alle gebiede, onderwys, ekonomie, kerke, is te danke aan 'n man wat kon aanhou. Hy het dit by ons ingeprent en sy studente hoor seker nog die woorde: ophou is die vloek wat ons jeug bedreig – ophou studeer, ophou belangstel, ophou jou beste kragte gee. Vreugde word alleen jou deel as jy vasgebyt het. Aanhou bring vooruitgang en vir jouself bevordering.
Wie het ooit kon dink dat ons Universiteit so vinnig sal groei tot 'n groot universiteit aan die walle van die Mooirivier? Wie het so gou 'n selfstandige universiteit verwag?

Ons het alles uit Vaderhande ontvang en moet voortdurend daarvoor dank en nie vergeet om ook vir hom te bid nie. Die wonderlike geboorte in die buitevertrek op Burgersdorp, die wonderlike taak waartoe die Gereformeerde Kerk geroep is om hierdie kindjie te versorg in sy beginjare, die harteverbondenheid aan so 'n Christelike inrigting, moet meer deur ons aangevoel

word. Gelowiges moet laertrek rondom hierdie Universiteit sodat hy kan uitgroei tot die grootte wat al ons menseverwagtings oortref.

Ek het aan Professor Postma op 'n keer gesê dat hy die kuns verstaan om die werk te doen en dan om 'n hoekie te gaan staan. U beleef dit vandag nog.

Op sy grafsteen staan geskryf die woorde uit Hand. 13:36: „Hy het ontslaap nadat hy sy eie geslag volgens die raad van God gedien het."

Die selfstandigheid van die Universiteit is deur wetgewing verkry. Hy was self daar in Kaapstad in die brandpunt en moes verskillende besware besweer. Die Christelike grondslag het maar 'n steen des aanstoots gebly. Hy het teruggekom, verheug en verblyd, want 'n kroon is geplaas op 'n leeftyd se werk van tydhou en koershou en aanhou.

Maar weer 'n keer en nou die laaste keer, kon die daad gesien word, maar die man wat dit gedoen het staan om die hoekie, word weggelê in sy graf.

Sy gees bly egter voortleef want die gedagtenis van 'n regverdige is 'n seën en sê aan ons: Koers oor die berge, koers deur die vlaktes, koers dwarsdeur menslik-aanvaarde onmoontlikhede. Behou die liefde, behou die geloof en gryp vas in die hoop. Alles is slegs Gods genadewerk.

***